

## **Alles werk ten goede mee. Maandag 30 Nov 2020**

### **Rom 8:28**

**“Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir die wat Hom liefhet, die wat volgens sy besluit geroep is.”**

**Hoe kan dit goed wees as ek swaarkry?** Hoe kan alles ten goede meewerk as ek finansiële probleme het, huweliksprobleme, kinderprobleme, uitdagings by die werk, landsprobleme, ens. **Hoe kan die Bybel leer dat dit alles ten goede meewerk?** Swaakry was mos nog nooit lekker nie. Maar ja, as dit goedgaan dan werk alles klopdisselboom. As dit goedgaan by die werk, met my huwelik, met my kinders, in die land, met die politiek en alles werk net mooi, dan lyk die toekoms rooskleurig.

### **Maar wat word met hierdie vers in Romeine bedoel?**

Rom 8:28 is eintlik ‘n opsomming van die hele voorafgaande hoofstuk Rom 8:1-27.

Dit berei ons voor en sê eintlik dieselfde as wat ons in Rom 8:37-39 lees, dat ons meer as oorwinnaars is.

Dit is dus ‘n vers wat baie baie vertroosting aan ons bied.

### **‘n Opsomming van Rom 8:1-27...Ons lees in....**

- Rom 8:1-8 Daar is geen veroordeling vir die wat in Jesus Christus glo nie.
- Rom 8:9-11 Die Heilige Gees woon in julle en daarom behoort julle aan God.
- Rom 8:12-13 Laat die Heilige Gees jou lewe beheers.
- Rom 8:14-17 Julle is reeds erfgename van die ewige lewe.
- Rom 8:18 Julle sal saam met Jesus Christus in die hemelse heerlijkheid deel.
- Rom 8:19-22 Die skepping sug en sien uit na ewige heerlijkheid.
- Rom 8:23-25 Ons sug en sien uit na die ewige heerlijkheid
- Rom 8:26-27 Die Heilige Gees self pleit vir ons by die Vader.

Dit is dus baie duidelik dat God alles wat met jou op aarde gebeur van weet, toelaat, soms selfs bewerk en dit alles werk daartoe dat ons groei in ons geloof en al nader aan God beweeg.

### **Hierdie teksvers...**

- Beteken nie dat God jou van al die swaarkry in die lewe sal vrwyaar nie.
- Beteken nie dat God sal sorg dat geen teëspoed jou tref nie.

### **Dit beteken wel...**

- Dat God van alles in jou lewe, ook jou foute en tekortkominge, pluspunte sal maak.
- Dat God swaarkry gebruik om jou voor te berei vir die lewe en die hemel.

### **Dit is tog so...**

- As jy met swaarkry iets verkry het, het jy meer waardering daarvoor.
- As jy hard gewerk het om te kom waar jy is, waardeer jy jou sukses soveel meer.

### **Daarom, ...**

- **As jy swaarkry** of ‘n terugslag beleef, gaan na God toe in gebed en geloof. God sal jou sterk maak en daardeur lei.
- **As dit goed gaan met jou**, met God nie vergeet nie, maar gaan ook na God toe, loof en prys en dank Hom vir alles wat goed is in jou lewe. **Amen** (ds. Gerrit Kruger. 0829645595)